Annexure E

# CAPE WINELANDS DISTRICT

MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA


| | | |
|---|---|---|
| NAVRAE/ENQUIRIES/IMIBUZO: | Ricardo Morrie | Trappesstraat 51 Trappes Street |
| TELEFOON/TELEPHONE/UMNXEBA: | 021 870 3202 | ✉ 91 |
| FAKS/FAX/IFEKSI: | 021 872 1277 | WORCESTER |
| E-POS/E-MAIL/IE-MAIL: | rmorrie@capewinelands.gov.za | 6849 |
| U VERW/YOUR REF/IREF YAKHO: | 17/1/1/4/1/2 C8815 | |
| ONS VERW/OUR REF/IREF YETHU: | 8337383 | |


25 Julie 2023

Die Stadsbestuurder
Drakenstein Munisipaliteit
Posbus 1
Paarl
7646

**Aandag:** Me Desmoray Prins

**GESONDHEIDSVERSLAG INSAKE LITTLE SUPERSTARS, DEBUSSYSTRAAT 41, GROENHEUWEL, PAARL, 7646**

1. 'n Inspeksie van genoemde perseel is uitgevoer, ten einde te bepaal tot watter mate die perseel voldoen aan die bepalings van die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit se Verordening insake Munisipale Gesondheid : Hoofstuk 5: Kindersorggeriewe en - instellings.

2. Daar is bevind dat die perseel voldoen aan die basiese bepalings soos vervat in Regulasie 15 van bogenoemde wetgewing.

3. 'n Geskiktheidsertifikaat vir Voedselvoorbereiding, in terme van GKR.638 van 22 Junie 2018 (Goewermentskennisgewing 41730 van 2018: Regulasies met betrekking tot die Algemene Higiënevereistes vir Voedselpersele en die Vervoer van Voedsel, afgekondig in terme van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972) is uitstaande, met ander woorde geen voedselvoorbereiding mag plaasvind alvorens goedkeuring van Munisipale Gesondheidsdienste verleen word nie.

4. Ten opsigte van die vloeroppervlakte bestaan die perseel uit die volgende:

4.1 Kombuis (2m x 2m = 4m²) met 3 klaskamers en 2 afsonderlike toilette vir seuns en dogters.

**4.2 Klaskamer Afmetings Ouderdomsgroep**

**0 tot 24 maande klasmaker : 2.8 m x 3.5 m = 9.8 m²**
**2 tot 3 jaar klaskamer : 2.5 m x 4.5 m = 11.25 m²**
**3 tot 5 jaar klaskamer : 2.5 m x 8 m = 20 m²**

**Huidige getal kinders per vertrek**

**0 tot 24 maande klaskamer : 6 kinders**
**2 tot 3 jaar klaskamer : 5 kinders**
**3 tot 5 jaar klaskamer : 14 kinders**

4.3 Buite speelruimte –die area is slegs geskik vir die hoeveelheid kinders indien hul in groepe speel en nie almal gelyktydig nie.

4.4 Die 2 afsonderlike sanitêre geriewe vir seuns en dogters is voldoende. Die sanitêre geriewe vir die kleuters kan egter net 'n maksimum van 30 kleuters hanteer.

**5. OPSOMMING:**

Ten tye van die inspeksie is geen gesondheidsoorlaste of struktuele gebreke gevind nie. Die perseel voldoen dus aan die gesondheids- en higiëne vereistes ten opsigte van 'n kindersversorgingsentrum. Daarom mag dié fasiliteit, as die beskikbare vry vloerspasie en sanitêre geriewe in aanmerking geneem word, dus die volgende maksimum aantal kinders akkommodeer:

**Ouderdomsgroep Aantal**

**0 tot 24 maande klaskamer : 6 kinders**
**2 tot 3 jaar klaskamer : 7 kinders**
**3 tot 5 jaar klaskamer : 17 kinders**

**TOTAAL = 30**

**Die maksimum toelaatbare hoeveelheid kinders per klaskamer, soos hierbo in paragraaf 4.2 uiteengesit, mag nie sonder die toestemming van dié Departement oorskry word nie; én die verdeling tussen die verskillende klaskamers mag nie gesamentlik 30 kinders oorskry nie.**

Die uwe

**R. MORRIE**
**OMGEWINGSGESONDHEIDSPRAKTISYN**
**Nms.: MUNISIPALE BESTUURDER**